



*Herfs
Nieuwsbrief
2024*

Vaarwoord

Die somer was vir ons baie goed! Lees gerus alles wat hierdie eerste paar maande in ons gemeenskap gebeur het. Ons is dankbaar vir saamwees en ook die ruimtes wat ons kan benut om nader aan ons eie heelheid te kan kom deur stilte en kontemplasie.

Nou kom groet die herfs!

Herfs, met sy lewendige kleure en skerp lug, bied 'n aangrypende refleksie op verandering en oorgang in die natuur en ook ons eie lewe. Dit leer ons die skoonheid om ook dinge te laat gaan, net soos die bome hul blare afgooi ter voorbereiding vir die winter. Herfs herinner ons aan die sikliese aard van bestaan, waar eindes die weg baan vir nuwe begin. Dit korrigeer die uitbundigheid van die somer deur die pas sagkens te vertraag, introspeksie aan te moedig en 'n gevoel van dankbaarheid te koester vir die oes van ervarings en lesse wat geleer is.

Terwyl herfs ons voorberei vir die winter se omhelsing, leer dit ons veerkragtigheid om aan te pas, wat ons aanspoor om ons innerlike hulpbronne bymekaar te maak en vertroosting te vind in die stilte van die winter.

Dit is 'n
seisoen wat
fluister van
eindes, maar
ook van begin,
soos die
gevalle blare
die aarde voed
vir die lente
wat kom.

Liefdegroete
thea.

Onderskeidings-tydperk

Kuier met Armin en Simon

Dit is amper ondenkbaar dat ons Onderskeidingstyperke al 10 jaar oud is! Alles het begin nadat ek en vyf ander persone die voorreg gehad het om deur Simon en Armin van Duitsland begelei te kon word. Ek het na ons 12 dae saam geweet dat die Here ons paaie laat kruis het. Sedertdien het ons elke jaar 'n paar groepe wat dit meemaak. Ons het hoërskoolleerders, jong studente, wyse gryses en gemengde groepe wat dit in die verlede meegemaak het.

Dit was so lekker om onlangs weer saam met Simon en Armin te kon kuier. Armin het vinnig kom kuier om Simon te help met talle kinders van Chrysalis Academy (www.chrysalisacademy.org.za) wat hy begelei elke jaar. Die kuier saam was baie spesiaal. Dit is asof daar 'n ongekende band tussen ons almal bestaan. Dit het nie lank geneem nie voordat die kuier 'n sirkel geword het en almal iets beleef het van 'n ruimte en spasio wat so lewewend is.

thea



Onderskeidingstydperk

4-Dag - 22-25 Februarie 2024

Ek het teruggekom van die onderskeidingstydperk en dit het gevoel of ek vir maande lank gerus het. Umami is 'n ongelooflike, genesende spasie waar ek nog altyd voel ek kan rus en herstel. Die hoogtepunt van my tyd was die Breathwork-sessie wat ons gedoen het. Dit is een van die mees restorative goed wat ek in my lewe gedoen het en het my gehelp om baie swaar dinge te laat gaan.



'n Onderskeidingstydperk is vir almal, maar die tyd moet reg wees. As daar iets in jou is wat wonder of jy op die volgende een moet gaan, is die kans goed dat dit iets is wat jy moet doen. Vertrou jou instink. Jy sal nader aan jouself en God terugkom.

Jazhwa

Met die lewe wat so gejaagd is en ek wat min of geen tyd gee en gun vir myself om net stil te wees nie, het die tyd in die berg op die perfekte tyd gekom! Dit was 'n tyd om te reflekteer, na binne te keer, myself te sien, aanvaar en lief te hê. Die tyd saam met ander wat deur dieselfde proses gaan het dit vir my net nog meer verrykend gemaak.

Elonie

"Dit is onmoontlik om my ervaring te verwoord. Die genesing wat ek ontvang het deur die natuur, die gemoedsrus, deur Theo en Simon se begeleiding, en die vreugde wat ek kon deel met almal in die groep ... Ek wens dit vir almal toe!"

Tabitha



Enneagram

Ons het met geen vooropgestelde idees in die Enneagram kursus ingegaan nie, en ons het met soveel insig weggestap. Ons voel asof 'n hemelruim oopgegaan het wat vir ons die geleentheid skep om onself, mekaar en ons verhouding met God beter te leer ken. Enneagram het my (Larné) gehelp om myself op 'n ander manier te leer ken en om ook te verstaan hoekom ek dinge op sekere maniere wil doen en hoekom ek op sekere maniere optree en voel.

Ek (Ricard) voel dat die Enneagram aan my my ware self openbaar het, asook om onderskeid te kan tref. Saam voel ons dat ons enige iemand sal aanraai om die Enneagram te doen en ons voel dat dit van kardinale belang is om jouself, mekaar, ander en jou verhouding met God beter te leer ken. Enneagram help jou om dit te kan doen.

*Larne &
Ricard Shaw*



'n Vriendin van my kon nie uitgepraat raak oor die impak wat die Enneagram op haar lewe gehad het nie. So wou ek graag myself, my man en mense om my beter verstaan en besluit om dit by te woon.

My lewe is verander...

Ek verstaan goed van myself beter.
Ek verstaan goed van my man beter.

En ek verstaan dat God my gemaak het met 'n sekere patroon, en dis goed. Ek spring op en af, en wil almal kry om dit by te woon. Wat ek die meeste waardering voor het is die manier hoe Wilma dit aanbied. Ek is uit my sokkies "gebles".

Carné



The background of the page is a photograph of autumn foliage. In the upper half, there are branches with bright yellow and orange leaves against a clear blue sky. A white rectangular box is centered in the middle of the page, containing text. In the lower half, there are more branches with orange leaves, and a small, isolated leaf hangs down from the bottom edge of the white box.

Divided & Undivided Self

The seed coat represents the strategies we adopt early in our childhood to protect our tender lives. These play an essential part in our human development to ensure we survive and blossom. They are not wrong or sinful. It's when we depend on this outer cover for our identity and meaning that we have a problem.

We desperately cling to it because we don't know who we are without it. This "seed coat" becomes the false self, an illusory and empty shell. **It's what we need to shed in order for our Authentic Self to emerge.**

*See yourself.
 Recognize yourself.
 See others.
 Recognize the other.
 Love yourself.
 Learn to love in the face of
 all obstacles.
 Learn to become your own
 master.
 You are the master and you
 are the keyholder*

Open.

Ulonda Faye

Die Enneagram Kursus is beslis boomringe wat herhaal word in my lewe — elke keer 'n lagie wyer of dieper — met nuwe gewaarwordings / bewuswordings. Hoe my Storie weef met 'n sirkel is weereens vir my die grootste geskenk wat InVia as gemeenskap vir my bied. *How I truly experience a sense of belonging and releasing into the Love within.* Ook, is ek stout vir 'n stukkie kursus — ek kry net nooit genoeg van hierdie *enriching tools of self discovery* nie... God... Liefde... Aanvaarding, ontmoet my elke keer.

Carmen



Ek dink en beleef diep “waar” wording deur die hele proses.
 Ek dink baie “layers” het begin afskil vandat ons saam met almal in daai sirkel gesit het ...

Baie meer “conscious”...
 Baie meer stil ...
 Baie meer honger vir waarheid in die waar-wording ...

Hoop is groot ...
 Soeke is dieper en meer ...
 Wens ek het dit vroeger geweet ...
 maar ek sal “inhaal” a.g.v die Enneagram.

Dankie vir die ge “waar”wording.

Cais



Living as love

Living as Love is 'n diep, geestelike reis wat die hart en siel voed.

Deur kundige leiding en selfondersoek besef 'n mens hoeveel van die blokkasies deur jou eie toedoen is. Daar is 'n magdom wysheid, nuttige prosesse en oefeninge wat 'n mens nader aan jouself, Liefde en God bring. Wilma se teer fasilitering, tesame met die drie kenners se klasse, maak van hierdie kursus 'n kosbare kleinood wat ek nog vir jare lank sal koester en waarmee ek sal saamreis!

Dit is een van die grootste geskenke wat ek tot nog toe aan myself gegee het, en kan dit ten sterkste aanbeveel.

Kobus

*Trust in the love
that's already
there. Feelings
are not the truth.
Am I loving or
am I thinking?
Love knows how
to love.*

Hierdie vier sinne vanuit Living as Love het my geweldig beïnvloed en verander hoe ek dink:

- **Trust in the LOVE that's already THERE**
- **Feelings are NOT the TRUTH**
- **Am I loving or am I thinking?**
- **Love knows how to love.**

Ek kan maklik voor 'n vergadering, bespreking of situasie myself toelaat om te dink hoe mense gaan reageer, wat hulle gaan sê en wat ek dan gaan antwoord. Ek het tot die besef gekom ek "beheer" dan die vloei of gesprek. Ek moes werklik bewus raak en oorgee deur oor en oor vir myself te sê "LOVE IS ALREADY THERE" en dat liefde WEET wat om te doen. Ek moes ook die vier sinne oor en oor sê en VERTROU dat "Just let LOVE be as big as it is!"

Die kursus het regtig vir my baie geleer om na binne te kyk en stil te word en nie situasies te oor-dink (overthink) of manipuleer nie, MAAR werklik te probeer om op liefde te konsentreer in die middel van 'n situasie en die Liefde toelaat om sy werk te doen.

Ian

I had the opportunity to engage with the Living as Love course. This has had a profound impact on my life. I have learned to become love, moving into an abundant, authentic connection with myself and my world around me. I have awakened and am integrating the power of love for transformation.

Love is a spiritual path, a practice and a way of life. I thought I knew what love is, but did not. Love is something you become and not something you receive or feel. My life has changed. I have moved from the delusion of love into relaxed, abundant, creative and authentic love within myself. I have walked the journey towards love, the journey with love and the journey as love. The shift from seeking love to becoming love is an immense transformational process.

I have discovered a pathway for experiencing authentic, unconditional love. It is liberating to look in the mirror of non-judgement and to see the miracle of self-acceptance. Addressing the fear that blocks the full awareness of love and meeting it with loving kindness was truly an experience.

I was gently guided to include self-love in love and then met the reality of how difficult it is to work with self-love.



The ubiquity of trauma was also explored and I was guided on how to bring love and relief to triggers. To hold trauma in the field of love and healing was challenging. Forgiveness is also a quality of love that enabled me to choose love when I am afraid, wounded, in pain or facing a dark night of my soul.

- The training was powerful yet gentle.
- The teachers were compassionate and warm hearted.
- I allowed myself the gift of learning.

I came away more aware of how knowing my Enneagram type can help me live a better life, but more importantly: how knowledge of all the types can lead to deep personal fulfilment.

Mariana

Enneagroei

Enneagroei is vir my soos 'n Ultra-City op die langpad – 'n bene-rek-strek handewas vulstasie – op die pad van 'n dieper ontdekking van wie ek is, God in en deur my, en ander mense.

Enneagroei is 'n avontuur waar ons saam ervaar, leer en groei. Dit is 'n veilige hawe waar ek dié binnewerk wat nie alleen gedoen kry nie, saam met ander kan doen. Na 'n byeenkoms is ek geïnspireer en reg vir die volgende skof; versterk met die wete dat ek nie alleen is nie.

Ek sien uit na ons volgende Enneagroei-pitstop.

Wium



**"WHEN WE TOUCH
OUR DEEPEST IMAGE
OF SELF, A DEEPER
IMAGE OF REALITY,
OR A NEW TRUTH
ABOUT GOD, WE'RE
TOUCHING
SOMETHING THAT
OPENS US TO
THE SACRED."**

– RICHARD ROHR

My inner critic kan partykeer baie besig wees en ek raak vasgevang in 'n web van my ego wat my ego probeer fix! Om saam met ander in die Enneagroei sirkel te wees help my om met meer deernis en humor my ego raak te sien, haar geleentheid te gee om ook maar net te wees, en saam met ander my humanness te aanvaar! Dit is 'n groot skuif om die inner work te doen vanuit 'n spasie dat ek reeds geliefd is, ego en al. Die terugvoer en stories van ander is kosbaar en ek leer so baie om ander ook met meer verstaan en deernis te ag.

Hilke

Hoe langer ek op reis is met die Enneagram, in besonder ook die EnneaGroeï, hoe meer raak ek bewus van die patrone wat so diep in my ingebed is dat dit as't ware tweede natuur geword het. So deel van my dat ek begin dink het dat dit ék is. Waar die masker so te sê my gesig geword het. Mettertyd word ek toenemend wakker vir hierdie gedragswyses. Ek sien hulle raak, ek kan hulle uitken en eien. As my lewe 'n plaasdam is, verstik en versmoor hierdie patrone die invloei van water in my. Hulle benadeel bowendien my uitvloei na ander. Maklik is dit nie aldag nie, maar uiters noodsaaklik is dit wel.

So ek neem my kruis op en volg my Meester op hierdie wyse. Ek word die koringkorrel wat moet sterf. Die ui wat liefdevol laag vir laag afgeskil word. Of dalk beter – 'n geel lemoen wat bevry word van die skil, wat die vrug beskerm en beskut het toe dit nog jonk en weerloos was. Sodat die stroopsoet vrug stadigaan al meer aan die lig gebring kan word. Ek wil jou hartlik uitnoui om jou eie reis met geesdrif en geduld te begin of voort te sit. Hierdie instrument in die Gees se hand het die potensiaal om jou lewe onherroeplik ten goede te verander.

Willem van der Colf



Kreatiewe Span

"To be creative means to be in love with life. You can be creative only if you love life enough that you want to enhance its beauty, bring a little more music to it, a little more poetry to it, a little more dance to it."

– Mihaly Csikszentmihalyi



Wie ruik die blomme?

'n Skepper God het ons geskep om ook skeppende wesens te wees. Om te skep is 'n essensiële deel van ons menswees. Soos 'n plantjie kwyn sonder sonskyn en water, kwyn ons siele wanneer ons kreatiwiteit onderdruk word. Ons is gemaak om goed te maak.

Csikszentmihalyi gee wel goeie konteks hiervoor. Om te skep is nie bloot net 'n plig nie. Dit kan net gebore word uit 'n liefde vir lewe. Wanneer mens oorweldig word deur skoonheid – soos deur die natuur hier waar ons bly in die Wes-Kaap.

Of wanneer ons besef hoe broos die mens is, hoe vlietend ons tyd op aarde, en hoe baie daar is waarvoor ons dankbaar kan wees. Miskien is dit dan wanneer ons liefde vir die lewe amper tasbaar raak en kreatiwiteit spontaan wil losbreek. Ons wil iets doen. iets maak. iets deel.

Musiek is 'n goeie voorbeeld. Die vervulling wat gepaard gaan om 'n liedjie te skryf, is – ironies genoeg – amper onbeskryflik.

Maar skryf is nie genoeg nie.
Lucas Maree sê so mooi:

*"Dis die goeters wat mens weggee wat jou ryk maak.
En dis daarmee wat jy mense om jou raak.
Wat beteken liefde as jy dit nie gaan gebruik nie?
Soos 'n blom se geur
as niemand daaraan ruik nie ..."*

Goeters wat geskep word wil ook gedeel word. En, soos liefde, maak skeppings hul grootste impak wanneer dit gegee word. 'n Liedjie wat geskryf is wil gesing word.

Daar is baie soorte dinge wat mens kan skeep. Ek sien dit weekliks by Invia. Soos die medewerkers wat weekliks 'n aangename, welkome omgewing skeep. Die dekorspan wat elke week iets mooi skeep vir die oog en om oor na te dink. Die musikante en sangers wat weekliks klanke skeep waarop ons almal kan saamsing en reflekteer. Die digters onder ons wat gereeld beelde en metafore skeep om ons dieper in ons verhouding met God te neem. Die kreatiewe span wat elke paar weke byeenkom om die verloop en impak van elke diens te probeer vasvang deur beelde, musiek, gedigte en gebede.

Dis vir my 'n voorreg om 'n pad saam met sulke skeppers te stap.



Hierdie is die goeters wat mens weggee wat jou waarlik ryk maak. Dit maak dat mens die lewe sommer opnuut weer liefkry. Soos 'n ou sielkundige dit gestel het: **"Love life enough that you want to enhance its beauty, you want to bring a little more music to it, a little more poetry to it, a little more dance to it."**

Ruik die blomme.

Lukie

Stil Saterdag

*"The question is not 'How am I to know God?'
but 'How am I to let myself be known by God?'
And finally, the question is not 'How am I to love God?'
but 'How am I to let myself be loved by God?'
God is looking into the distance for me, trying to find me,
and longing to bring me back home."
– Henri Nouwen*

Saterdag, 2 Maart, is daar weer by 'Old Nectar' Tuine in Jonkershoek 'n spasio geskep om toe te laat dat ons deur God geken en gesien kan word – en spasio sodat God ons elkeen net kan liefhê. Daar was ou bekendes met Stilte en die wat hulle reis met die Stilte begin het.

Tyd en spasio is vir die Tuinier gegee om saam met elkeen deur hulle binnewêreld, hulle eie tuin, te stap om te sien waar daar gesnoei moet word en waar onkruid uitgetrek moet word. 'n Spasio om te besef dat die Tuinier sy hand gereeld op die tuin gehou het, sonder dat jy besef het. Tyd om die geure in te asem, kleure te bewonder en by elkeen se komposhoop stil te staan – met die verdroogde blare en weggegooi-gebeure – en te besef dat die res van die tuin gevoed word en nuwe lewe opspruit vanuit dié hoop.


Vir ander was dit net 'n spasio om God se eerste bybel te geniet, en toe te laat dat die Gees self gebeurde, dinge en gedagtes na die oppervlak bring terwyl hulle saam verder stap.

– Anna-lize



Sirkels

Die afgelope paar jaar het ons nooit regtig aandag gegee aan sirkels of kleingroepe nie. Die meeste het spontaan ontstaan uit Onderskeidingstydperke, of mense in die gemeenskap wat 'n behoefte het om oor kontemplasie te gesels. Intussen het daar 'n groter behoefte vir sirkels ontstaan binne ons gemeenskap. Een van die groot redes is: InVia is wyd gesaai en afstand bly 'n groot faktor om ons inpersoon dienste by te woon. Daar het ook soveel mense die afgelope 10 jaar die waarde van 'n sirkel ervaar: waar jy ervaar hoe 'n groep beweeg na hulle ware self en eerlikheid, en diep luister 'n nuwe-produk is van so ervaring. Ons het meer as genoeg sirkel-fasiliteerders wat bereid is om sirkels te lei.



Hierdie jaar het daar nuwe sirkels ontstaan in Houtbaai, Kaapstad, Durbanville, Stellenbosch, Hermanus, Welgevonden en Somerset-Wes. Die inhoud verskil na gelang die behoefte van die groep. Ons het hard gewerk aan sinvolle materiaal wat 'n groot impetus in jou geestelike groei kan wees. Dit bestaan uit 'n kort video van die beste sprekers regoor die wêreld, asook kort aantekeninge met vrae. Ons het ook 'n arsenaal boeke, wat sommige sirkels saam lees en dan bespreek.

Die meeste groepe kom een keer 'n maand bymekaar, maar dit word self deur die groepe bepaal.

Kontak Hilke by indien jy belangstel!

*Besoek gerus
www.invia.org.za/insig
vir registrasie*

InSig

*"The most important thing in your life is not
what you do; it's who you become.
That's what you will take into eternity."
- Dallas Willard*

InSig het hierdie jaar afgeskop met Geloofsgewoontes. Anna-lize het gesels oor die verskeie toepassings van die Examen-gebed en ons saam gelei in 'n stil-word en refleksie van ons dag.

Esme Odendaal het haar helende reis rondom die Asemgebed gedeel en ons begelei om saam elkeen stil te word en toe te laat dat ons (Yh-Wh) asemi ons liggame bedien, soos Maria toegelaat het dat Jesus haar bedien.


Die praktiese benadering wat Invia se InSig sessies bied het 'n daadwerklike impak op my geestelike lewe gehad. Die onlangse sessies oor die Examen- en Asemhaling-gebede het my praktiese hulpmiddels gegee om op 'n meer bewustelike manier God se teenwoordigheid in my daaglikse lewe te ervaar.

Die konsep van intensionele stappe om God aktief in my lewe te betrek maak werklik 'n verskil. Soms is dit net een of twee dinge wat ek meer bewustelik doen op 'n dag – 'n skuif wat God se nabyheid en liefde net meer en meer werklik maak.

Die artikels en verwysing na verdere leesmateriaal wat deur InSig verskaf word, is waardevolle kwaliteit-bronne en gee aanmoediging om dieper op my geestelike reis te gaan.

Dit is 'n voorreg om deel te wees van 'n gemeenskap wat so 'n ruimte skep vir groei en versterking in geloof. Baie dankie vir hierdie waardevolle ervaring, Invia.

Karien



“There are many cunning foxes jumping on our shoulders and whispering in our ears the great lie: ‘There is nothing new under the sun ... don’t let yourself be fooled.’

When we listen to these foxes, they eventually prove themselves right: our new year, our new day, our new hour become flat, boring, dull, and without anything new. So what are we to do? First, we must send the foxes back to where they belong: in their foxholes. And then we must open our minds and our hearts to the voice that resounds through the valleys and hills of our life saying: ‘Let me show you where I live among my people. My name is “God-with-you.” I will wipe all the tears from your eyes; there will be no more death, and no more mourning or sadness. The world of the past has gone.’
(See Revelation 21:3–5.)”

– Henri Nouwen (Uit: You are the Beloved)



In-sig beteken vir my: op my boude sit en leer van ander – en dan doen vir self. Niemand het gesê dit is maklik nie. Dalk vir ander, maar nie vir krulkoppie-ekke nie. My wens vir elkeen is om gewoon aan te hou grawe tot waar daai modder – êrens gaan besef dat dit heeltemal OK is om te gaan lê, sodat die gladde spoelklippe dwarsdeur die water kan glimmer – soos bedoel in die Eerste Plek.

Caren

Baie dankie vir hierdie kosbare InSig-sessies op 'n Sondagaand op Zoom – ek vind dit so waardevol in my daaglikse geloofsreis. Met elke sessie wat ek al bygewoon het, het nuwe insigte vir my deurgebreek. Baie daarvan ook so bevrydend. Daar het definitief by my 'n groter bewustheid ontwikkel van God in alles. Hoe Hy elke dag na my toe kom deur my lewe.

Deur die ekstra materiaal het ek nuwe boeke en ander insigte ontdek, wat my help om sin te maak van die lewe en met 'n sagter oog na ander, maar ook myself, te kyk. My stiltetyd word ook meer betekenisvol, omdat my nuuskierigheid geprikkel word om meer te weet en te groei op my pad met God.

Zahn

Ek is altyd stomgeslaan oor die kwaliteit van die inhoud by InSig. Dit voel vir my dit versamel die essensie uit die rykste versameling materiaal oor die onderwerp ter sprake en verpak dit regtig in 'n neutedop, waar elke woord wat gesê word pas, asook wysheid en uitnodiging bevat.

Tydens die uurlange gesprek sit 'n mens vasgenaai in verwondering oor die diepte van wat bespreek word.

Dit maak my so opgewonde om net meer in te duik in die ryke praktyke van wat bespreek word. En omdat dit gaan oor praktyke, is dit so wonderlik om praktiese vrae te kan bespreek met ander en te hoor oor mekaar se belewenisse en ervarings met die praktyke. Dit is regtig 'n onverwagse skatkamer wat hier ontsluit is!

Stanley

Alhoewel ek vir die res van my aardse bestaan my lewe sal opdeel in “voor en na die Berg”, is dit die Enneagram wat daarna met tere liefde lig en begrip gewerp het op vergete pyn wat deur die jare die teelaarde vir gevestigde ego-patrone geword het.

Vir die proses van ware selfontdekking is dit verder vir my nodig om sekere dinge te ont-leer en nuut te ontdek hoe om met God se oë na myself, ander en die wêreld te kyk. Op hierdie reis help InSig my op 'n praktiese wyse met gesprekstemas soos geloofsgewoontes, asemgebed en die ervaring van God in die Skepping. Die ontdekkingsreis saam met mede-pelgrims maak dit veel meer as net 'n teoretiese sessie. Dis 'n uitnodiging om God te ontmoet waar die Heilige Gees teenwoordig word wanneer ons ons toewy.

Simon se woorde aan die voet van die Franschhoek-berge is waar alles vir my begin het: “Your mind is not your compass.” Op my reis help en leer InSig my om met sagter oë en met my volle self te kyk en soveel verder te ontdek as wat blote kopkennis my sou toelaat.

Alten



Vir my lê die waarde in InSig dat ek die geleentheid het om by die ouer generasie te leer hoe om met geloof om te gaan as mens ouer is en jou omstandighede verander. (Byvoorbeeld: jy is dalk getroud met kinders.) Ons jongmense raak net groot, maar sien nie altyd die praktiese tools (byvoorbeeld asemhaling) wat ons kan gebruik om 'n groter bewustheid te kweek van die Here in ons alledaagse dag nie.

Thomas



Holy Source of Silence,
beneath the clatter and din
of the everyday
you offer your mysteries
to our hearts.

You call us to pause,
to slow down and listen
to the true longing
planted in each of us by you,
a seed of holy desire.

Support us in letting go
of the inner and outer noise.
Open wide in us a sacred
cave for stillness
where we can attune
to your presence..."

Kids@InVia

Sjoe! Ons het 'n brawe kwartaal gehad! Ons het gesels oor hoe God op verskillende maniere en deur verskillende mense en stories uit die Bybel ons help om BRAAF te wees hierdie jaar.

Ons was braaf genoeg om te weet dat God vir ons sorg; braaf genoeg om oneindig lief te kan hê; braaf genoeg om te kan vergewe; braaf genoeg om die waarheid te kan praat; braaf genoeg om eerlik te kan bid; braaf genoeg om deernis (compassion) te kan hê. God maak ons ook braaf genoeg – soos Dawid!

Ons het verlede kwartaal begin met 'n nuwe snitlys van liedjies wat ons ouderdomsgroepe pas. Indien u as ouer daarna wil luister, soek asseblief na Nadine Blom (met die rooi hare) op Spotify of Apple Music.

Ons lesse word aangepas per groep. Die aktiwiteite bring die kreatiewe kwaliteite uit in ons kinders en dit help hulle om die Woord beter te verstaan. Ons probeer ook soveel as moontlik 'n gesonde opsie as peuselhappie te gee aan u kinders.

Larné

Indien u nie op ons ouergroep geplaas is vir Kids@InVia nie; kontak asseblief vir Larné Shaw by 071-3621090 of e-pos haar by humanlarne@gmail.com. Ons kommunikeer slegs oor Sondag se gebeurtenisse op hierdie ouergroep.

Ons span hoop om u en u kinders gou weer te sien hierdie tweede kwartaal!



YOUNG TEENS

Dag, almal! Hierdie kwartaal was geseënd! Wat 'n voorreg om Sondag na Sondag mekaar te sien, mekaar te kan geniet, mekaar te kan voel, na mekaar te kan luister en om meer te leer oor Jesus en Sy Liefde vir iedereen ...

Ons het soveel pret gehad by die Young Teens groep in Kwartaal 1! Dis ons Yolo groep - You Only Live Once.

Dit was veral lekker om mekaar beter te leer ken, saam te gesels en baie pret te hê. Ons is doenig met ons tema (God se boek van Wêreldrekords) en is lekker aan die gang en vol lewe! Ons is opgewonde oor al die tye wat nog voorlê vir ons groep en om ons groei in die Here te ervaar.



Dit is belangrik dat elke kind besef dat hulle hier in ons Young Teens-groep behoort, dat hulle hier net kan wees en dat hulle hier geliefd voel - want hulle is!

Dankie ook aan al die ouers wat die kinders bring. Baie dankie ook aan al ons helpers; julle word waardeer!

As daar nog enige iemand is wat wil betrokke raak by die Young Teens-groep, laat weet gerus.

Ons sien uit na Kwartaal 2 saam met die YOLO-span!


CHRISLIE

Vallei/ Bergskaal

VLIEG MET JOU WORTELS

“DAAR IS SLEGS TWEE
BLYWENDE DINGE OM AAN
ONS KINDERS NA TE LAAT.
WORTELS IS DIE EEN, DIE
ANDER IS VLERKE.”

– GOETHE



Ek het probeer om daai aanhaling in my eie woorde te vertaal, maar ek's bang die wortels klink soos groente. Nie dat ek sê kinders moenie groente eet nie. Die beeld is natuurlik eintlik boomwortels. Dit herinner my ook aan Psalm 1 se boom wat langs waterstrome geplant is. Die blare verwelk nie en die boom dra gedurig vrugte.

“[WEET JY] DAT KINDERS DIE WÊRELD AL
MEER GAAN VERSTOM”

– KOOS KOMBUIS

(UIT: 'BICYCLE SONDER 'N SLOT')

Daai “verstom” kan as 'n goeie ding óf 'n slegte ding gesien word – of dikwels iets van albei. Ek het al vir lank so die hartsgevoel dat ons jongmense ons sal kan verstom met dit wat hulle vir die wêreld kan beteken as hulle 'n kans kry. Ek kry die gevoel nie afgeskud nie. Ek wil myself daaraan herinner om nie net van terme soos Gen X, Boomer, Millennial, Gen Z of Gen Alpha aangeplakte etikette te maak nie.

Op sosiale media kan hierdie terme mense maklik indeel, opdeel, verdeel en veroordeel. Selfs al vermoed ek dat die mense wat ernstig hieroor navorsing doen, eintlik hoop dat dit ons kan help om mekaar beter te verstaan. Daarby ontstaan die meeste inligting hieroor in die VSA. So globaal soos wat ons samelewing mag wees, glo ek nog steeds ons hoef nie ons eie konteks se uniekheid te misken nie. Veral in die konteks van 'n gemeente waar ons werklik glo in elke persoon se unieke sielvolheid. Verby oppervlakkige opsommings van hoe iemand lyk of optree of hoe oud hulle is.



Verlede jaar was ek verstom deur die paar tieners wat by Knysna se eerste Bergskool gaan help het. Hulle gewilligheid om iets van dit wat hulle beleef het ook vir nog ander jongmense te gee. Ek vra deesdae die Warriors om my te help in Bergskool se voorbereidingsessies en hulle daag op met 'n besonderse opregtheid en openheid teenoor ander. Terselfdertyd sien ek die unieke uitdagings wat vandag se tieners al hoe meer konfronteer. Ek's onlangs weer geskok deur die vreemde eensaamheid te midde van 'n oorvloed oppervlakkige konneksie.

Bergskool se bydrae het iets te make met Goethe se boomwortels. Dis 'n plek waarheen verskillende ouderdomme en generasies kan bring wat hulle het en ontdek hoe om dit vir mekaar te gee. Ons sit in sirkels waar ons almal nie dieselfde hoef te lyk of te wees nie, maar waar ons mekaar in die oë kan kyk en as gelykes mekaar se waarde kan ontdek en waardeer. Ons hoef nie almal uitsluitlik in ons eie bane te bly nie. Die bane is dikwels denkbeeldig. Daai vlerke waarvan Goethe praat maak hulle verskyning wanneer ons strek om bymekaar uit te kom.

As jy meer wil weet of betrokke wil raak by Bergskool of Valleï (ons tienerbediening), is jy welkom om met my kontak te maak.

– Dean
082 464 7897

In Via Kaapstad

Stadig begin die bome in my omgewing se blare hier en daar rooi, geel en bruin uitsteek. Die tekens van 'n nuwe seisoen, wat aan't kom is. Ek is in verwondering oor die ritme van die natuur: seisoene wat tydsaam, maar tog binne tyd verander. En hoe die tekens daar is. Ons afgelope reis saam met Invia Kaapstad het vir ons as gemeenskap 'n paar tekens gegee van 'n verandering wat aan't kom is.



Soos julle weet, moes ons herbesin rondom die in-persoon diens. Stanley, Kobus, Caren, Muller, Theo en Hilke het in Februarie en Maart saamgesels. Met bywoningsyfers wat al vir 'n paar jaar minder word, was die gevoel dat die in-persoon diens eerder as 'n sirkel funksioneer en nie die energie en kostes van 'n in-persoon diens regverdig nie. Daar is besluit om eerder op sirkel-geleenthede te fokus. Buiten die twee bestaande sirkels is daar tans nuwe sirkel-geleenthede wat vorm aanneem in Houtbaai, Durbanville en Bellville. Ons kyk ook na die opsie om 'n sirkel in die stad op 'n Sondagaand te hou. Indien enige iemand 'n ruimte het wat hulle kan beskikbaar maak – laat weet asb. Ons sien hierdie as 'n organiese ontvouing: soos wat daar behoefte is, sal ons probeer om mense in te skakel.


Daar is heelwat geleenthede waar ons as "tribe" bymekaar kan kom en saam in community kan wees. Om saam in die natuur te wees (Adventure, Stil Saterdag), te groei (Enneagram, Living as Love, Sirkels, InSig), wyn te proe (Invino), saam weg te gaan (Onderskeidingstydperke en die Vroue Retreat), saam te lag en kuier (Christmas in July) en stilte te beoefen (InSilencio) is op die oomblik waar Invia Kaapstad inskakel. Daar mag dalk verder behoefte vir saamwees rondom kos, kuns en 'n besonderse koppie koffie ontstaan! Maak kontak en ons kyk hoe dit kan ontvou.


InSig is 'n ander inisiatief wat direk uit Kaapstad ontstaan het uit jul terugvoer verlede jaar. Die aanlyn-byeenkoms wat twee keer per maand op Zoom plaasvind, het ver buite die Kaap se grense gegroei en ons is baie opgewonde oor die belangstelling in die verskillende fasette en geloofsgewoontes van 'n kontemplatiewe lewenstyl.

By Invia glo ons dat God ons ontmoet waar ons is, en dat 'n kontemplatiewe lewenstyl ons help om spasie te skep om bewus te word hoe God ons in liefde ontmoet. Buiten die innerlike reis is daar ook 'n gemeenskaplike reis waarna ons uitgenooi word. So deel ons met mekaar, leer ons en ontmoet ons God in die Ander. Kom reis saam!

"If we are to grow into living fully we need to renounce the things that choke us of the fullness of life that God intended for us."

Kent





Transform me into love
Lord God of Light and Love:
Warmed by the Son inside, I see your
wonders and melt to the life of feeling.
Awaken in me the desire for you.
Free me from the fears that cripple.
Connect me to the
joy that brings freedom.
Transform me into love.
Open me to wisdom
and live through me as
the way, the truth, and the life.

The only wound that
need not ever heal Abba:
Quicken in me the presence
of your living Word,
through which I receive
the wound of love so
to ponder the beauty
and grace of all things created.
Your wound humbles me to tears,
not so much in pain,
but in the joy of your mercy.
This is the only wound that
need not ever heal,
whose symbolise the cross and
whose image is your descending dove.

Peter Traben Haas - Centering Prayer

Aksie



Wie is Garnet Kabasele?

Ons kom al 'n lang pad met Garnet. Hy het by die Vineyard Houses se kindershuis gewoon in Kayamandi, waar ons al jare betrokke is. Hy was deel van Bergskool en het baie diep in ons harte gekruip. In 2022 het hy matriek geskryf en met Universiteitsvrystelling geslaag.

Ons is baie trots op Garnet wat in Januarie, na 'n jaar se internskap, met 'n permanente pos by sy werk begin het. Lees gerus oor sy ervaring tot nou toe:

I work at Snatch, an accounting recruitment agency based in Somerset West. We work remotely and come together as a team once a month. I am motivated to work here, as it is still my dream to become an accountant one day. Being in a space where accountants are recruited makes sense to me. By talking to people and seeing people I learn what their journeys were to become accountants, and I see what my options would be in the industry.

I started as a Junior Sales rep and was promoted in January to Junior recruiter. I work under a supervisor and review applications, headhunt for accountants on different platforms and help with the screening of applicants.

I learned the most about self-discipline. Working at home is hard for an 18-year-old guy. I am mostly at home and need to be disciplined to do my work. Managing my stress has also been tough.

Adulthood is really hard, especially managing my finances. I am so grateful for all the things that I am learning.

As a junior recruiter, I broke the record for the fastest placement of a candidate – within the month that I was appointed. It usually takes about six months for someone to learn the system and get used to everything. My internship year really helped, but I am super proud of that.

Without God, I would not be where I am today, and I am so grateful. When I stress and have deadlines and think of giving up, I remind myself of a request I gave God in 2021 – that He would place me in an accounting company. So now, when I think of giving up, I remind myself that I asked God to place me here. So why should I give up if He gave me this job for a reason, knowing that I will be able to do this job.

Because it takes a village to raise a child!



VILLAGE PROJEK



91 KINDERS



7 X 12 KG DROMME/MAAND



GESONDE,
GLIMLAGGENDE
KINDERS WAT
KAN LEER
EN GROEI...

maak 'n verskil

Invia wil graag meer help om 'n verskil te maak in ons onmiddellike omgewing. Ons gaan hande vat met **Hanna Charity wat reeds in Smartie Town, Cloesterville** werk. Smartie Town is op ons voorstoep en die behoeftes van die gemeenskap is baie.

Hanna Charity werk reeds 'n geruime tyd in die gemeenskap en onderhou 'n **sopkombuis, biblioteek, en het verskeie groepe: "Womanhood", "Brotherhood" en "Motherhood"** wat hulle gebruik om dieper verhoudings met die gemeenskap te bou en positiewe insette te gee.

Invia gaan betrokke raak deur die Village Pap projek om die huidige broodjies wat aan 'n groep skoolkinders gegee word aan te vul. Donderdae oggende is daar geleentheid vir vrouens wat wil help met hulle "Womanhood" projek waar ons saam met die vrouens kuier, 'n "craft" maak of gesels oor 'n spesifieke tema.

Kontak Hilke by inviagemeente@gmail.com indien jy graag betrokke wil raak.



Wat lê voor?

Insig:

14 April
28 April
5 Mei
19 Mei
2 Junie

Enneagram:


18+19 Mei
8+9 Junie

Stil Saterdag:

18 Mei
1 Junie



Besoek www.invia.org.za
vir meer inligting



www.inviagemeente@gmail.com

inviagemeente@gmail.com

inviakaapstad@gmail.com



invia stellenbosch



inviastellenbosch



In Via Kaapstad



inviakaapstad



invia gemeente



invia gemeente